DEEL 113 | WEEK 33 | 20 AUGUSTUS 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# VEGKOP LANDBOUERS STAAN SAAM!

· *Werner Nel*

Met die vinnige agteruitgang van paaie in die streek, het Vegkop se landbouers besluit om hulle eie stukkie teerpad, hulle trots, 'n tweede asem te gee. Na verskeie vergaderings waartydens die pad onder bespreking was, is daar besluit om dié teerpad, wat die hoof toegangsroete is vir die Vegkop-boere, te herstel.

Die pad strek vanaf Avanté Trailers van Dolf van der Westhuizen tot by die Vegkop-erfennisterrein. Die groot taak om die nodige fondse in te samel en mannekrag bymekaar te skraap, is deur die landbouers self gedoen. Baie van die pad-verbruikers het donasies gegee of het self kom help om die pad reg te ruk.

Vandeesweek is daar gefokus op die deel vanaf HBA tot by Avanté op die hoek. Die probleem-areas is deeglik skoongemaak en geseël met 'n spesiale middel, wat verhoed dat water kan insyfer en die uitgrawings weer beskadig. Daarna is voorafgemengde teer in die gate gegooi en die manne het dit deeglik vasgeslaan, sodat die vragmotors dit nie weer uittrap nie. Daar is ook gruis bo-oor die nuwe teer gegooi om dit eers behoorlik te "set" voordat voertuie daaroor ry.

Tot dusver is daar alreeds 4 ton *Coldmix Asphalt* gebruik en ongeveer 320 liter *Bitumen*-emulsie om die rante van die slaggate te seël. Al die groot slaggate op die pad is nou toegemaak, maar die grootste werk lê nog voor. Die krake en plekke waar klippies vanuit die teeroppervlak gestroop is, sal nog reggemaak en geseël moet word. Deur die padoppervlak te seël sal die lewensduur van die pad vir nog baie jare verleng word. Dankie vir almal se finansiële bydraes en mannekrag tot op hede.















# LIGGAAM GEVIND



Heilbron Herald het laasweek berig oor 'n motor wat die 9de Augustus in die Vaalrivier opgeëindig het, nadat die voertuig vanaf die Magrieta Prinsloo-brug, naby Oranjeville in die dam geval het.

Duikspanne en nooddienswerkers het die liggame van twee mans uit die Vaaldam gehaal terwyl daar steeds gesoek is na 'n derde persoon.

Die vermiste liggaam is Donderdag die 12de gevind en die rooi Kia Sportage is uit die dam verwyder. 'n Ondersoek van strafbare manslag duur voort.

# TWEEDE SONBRIL WENNER

Soos berig in die Heilbron Herald van 6 Augustus 2021, het Cobus van Wyk Oogkundiges met hulle onlangse skuif na Wentworth Square 'n projek geloods deur middel van 'n trekking waartydens pasiënte gedurende die maand 'n sonbril kon wen. Die trekking vir Julie het plaasgevind en die sonbril is deur Makoaela Anna Mokoena gewen. Daar sal nog vir Augustus en September ook 'n gelukkige trekking gedoen word.



*Op die foto: Paulina Masei, assistent by Cobus van Wyk Oogkundiges en Makoaela Anna Mokoena.*




# TOP 5 PRESTEERDERS

## *HOËRSKOOL HEILBRON*



***Graad 4:*** *Riette Steyn 93.67%, Elzeri Combrink 93.33%, Lisa-Line Rheeder 92.50%, Elsene van der Merwe 91.33%, Chrizette Greeff 84.00%.*



***Graad 5:*** *Gerrit du Plooy 90.33%, Lee-Ann Viviers 87.33%, Jannie Els 85.00%, Cheree Jansen van Rensburg 83.33%, Jeanette Victor 82.33%.*



***Graad 6:*** *Chenelle Els 91.33%, Noeline Gavin 91.17%, Aljane Zitzke 85.00%, Rikus Bronkhorst 83.33%, Danelri Mocke 82.17%.*




***Graad 7:*** *Adri Erasmus 86.33%, Minette Els, 83.22%, Franco Roos 86.00%, Lume Dippenaar 83.13%, Dihan J van Rensburg 79.78%.*




***Graad 8:*** *Johanri Pretorius 81.56%, André Viviers 81.44%, Carlie Rochat 77.78%, Kayla Bosman 76.00%, Taylor Ferreira 75.67%.*



***Graad 9:*** *Michaela Grobler 84.89%, Madaleen de Beer 82.33%, Motsilisi Semela 77.67%, Marlee Henn 77.11%, Joanike Els 75.89%.*



***Graad 10:*** *Kristen Muller 75.86%, Stean Lategan 75.86%, Wessel Steyn 75.71%, Robinho van Schalkwyk 72.43%, Beanke Nagel 71.43%.*





***Graad 11:*** *Anica Grobler 80.29%, Mbali Malindi 78.14%, Jané Jansen van Rensburg 77.29%, Alden Peach 71.57%, Bart Steijn 70.57%.*



***Graad 12:*** *Danica Boucher 83.00%, Jeanné van Wyk 79.57%, Carike Erasmus 79.43%, Erna Els 76.86%, Danielle van Wyk 76.57%.*

# WISKUNDE IS MAKLIK



Matriekleerder van Hoërskool Wilgerivier, Wilandri Naudé, is onder die Top 60 in Suid-Afrika en onder die Top 20 in die Vrystaat van die Wiskunde-kompetisie geloods deur Netwerk 24 in samewerking met Die Burger, Beeld en Volksblad.

Meer as 3000 leerders landswyd het vir hierdie Afrikaanse aanlyn-wiskundekompetisie geregistreer.

Die eerste rondte van die kompetisie het plaasgevind op 4 Junie 2021, waarna die Top 60 in Suid-Afrika aangekondig is en sal Wilandri op 4 September deelneem aan die finale rondte.

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 19 Augustus 2021 en dui aan Ngwathe het 4680 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1232 staan en is daar 51 positiewe gevalle bygevoeg sedert 12 Augustus 2021.

Dit is vandag dag 512 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 638 981bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 78 377 en reeds 2 402 020 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is steeds die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld. Volgens Worldometers se data vir Dinsdag het SA die sesde meeste sterftes in die wêreld gehad (553). Suid-Afrika se sterftesyfer is ver hoër as die wêreldgemiddeld en elke vasteland s'n in verhouding met die bevolking.

# GOUE MEDALJE VIR MIEMIE




*Miemie Cilliers, leerder van Hoërskool Reitz, het onlangs 'n goue medalje tydens die Vrystaat Gimnastiekkampioenskappe in Bultfontein verwerf.*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 8 | 7 | 3 | | 4 | | | |
| | 3 | | 5 | | | | 4 | |
| | | | | | | | | 7 |
| | | | | | 2 | 4 | 5 | |
| | 9 | 6 | | 1 | | 8 | 3 | |
| | 2 | 5 | 8 | | | | | |
| 8 | | | | | | | | |
| | 5 | | | | 7 | | 1 | |
| | | | 2 | | 1 | 7 | 6 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 6 | | 7 | | | 9 | |
| 4 | | 8 | | | | | | |
| | 3 | | 8 | | | | 1 | |
| | 4 | | | | 1 | | | |
| 7 | | | 3 | | | | | 4 |
| | | | | | 5 | 2 | | 9 |
| | | | | 8 | 7 | | 5 | 3 |
| | | | | | | 1 | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.




Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
PARYS
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaanr@ngwathe.co.za

Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

## PUBLIC NOTICE

## INDIGENT SUBSIDY REGISTRATION FOR THE FINANCIAL YEAR 01 JULY 2021 TO 30 JUNE 2023

The Municipal Council of Ngwathe Local Municipality has resolved on the 30 July 2021, through an Item No. 7 to condone and write-off indigent subsidy amounting to R57,891,243. Council also resolved to extend the Indigent Register for a period of three (3) months ending 30 September 2021, for those registered indigents which indigent subsidy of twenty-four (24) months expired on 30 June 2021.

All residents within the jurisdiction of Ngwathe Municipality are hereby invited to register on the Indigent benefit/subsidy database for the 2021/22 and 2022/23 financial years. The application process will be open from 23 August 2021 until 30 September 2021 – visit your nearest municipal office to arrange this.

The following documents should accompany the application and the applicant must occupy the property in question in order to qualify for the indigent subsidy:

i. South African Identity Document (ID) of all occupants;
ii. Proof of income (All pay / salary slip, three-months bank statements) of occupants;
iii. Affidavit declaring lack of income/proof of registration as unemployed plus 3 months bank statement.
iv. Particulars of any other grants/income received by the accountholder, must submit the SASSA grants confirmation together with the bank statement,
v. The latest municipal account;
vi. Recent pre-paid electricity token.

The household income threshold for receiving the indigent benefit is R4,300.

If, the application is not renewed the Indigent subsidy will automatically be cancelled and debt collection and credit control policy will be enforced.
The closing date for application is 30 September 2021. New Indigent Subsidy applications can still be submitted on an ongoing basis at any Municipal Office.

For further enquiry on the implementation of the Indigent Registration please contact Me. KD Mtimkulu on this number 056 816 2700 or email address kgomotso@ngwathe.co.za

Mr. BW Kannemeyer
Municipal Manager

# WEEK DRIE-EN-DERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Daar is 'n aantal wysies wat ons die hele tyd bybly. Sommiges is oud, met net een stel lirieke, maar ander het al 'n hele klomp veranderinge ondergaan. Die ander dag sing ons "Soos 'n Wildsbok" met die erediens, en in die middel van die versie kom ek agter dat my lirieke heeltemal veskillend is van die woorde op die briefie. Ek is skoon vies, want die lirieke wat ek so lekker saamsing is baie mooier as die wat ons veronderstel was om te sing.

Die ou Hallelujaliedere is net so 'n goeie voorbeeld: My oupa Hansie en ouma Cielie het saans "As Hy weer kom" gesing. Toe word die Hallelujas verban, en met die terugkomslag het "As Hy weer kom" ander woorde. Wat dalk meer Skriftuurlik was, maar glad nie meer so lekker sing soos die oorspronklike nie.

Het jy geweet dat daar twee stoere Afrikaanse liedjies is met dieselfde wysie, maar met verskillende woorde? 'n Liedjie wat elkeen van ons goed ken en al 'n duisend keer gesing het.

Ek wed jou dat jy nog nooit agtergekom het dat "Veels geluk, liewe maatjie" en "Afrikaners is plesierig" dieselfde wysie het nie. En ek is seker jy het dit gou in jou kop (of kliphard) gesing om seker te maak dat ek die waarheid praat. Dis nou nie Karen Zoid se weergawe van Afrikaners nie, maar die een waarmee die meeste van die ouer garde grootgeword het.

Ek het twee weke gelede verjaar, en ek sê dit nie om nog gelukwensings te kry nie (maar dis nie te versmaai nie). 'n Paar mense het vir my "Veels geluk, liewe maatjie" oor die foon gesing, want ons mag mos nie orals rondkuier nie.

Die woorde is mos maklik: "Veels geluk, liewe maatjie, omdat jy verjaar. Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar."

Of jy nou maatjies is of nie, hierdie het ons op skool vir mekaar gesing. Dalk was dit net om die stukkie verjaarsdagkoek waardig te wees. Maar die lied het my aan die dink gesit.

'n Tannie by ons vorige Gemeente het altyd, wanneer jy met haar praat, gesê sy lewe nog "danksy die genade". En sy is sekerlik nie die enigste persoon wat so iets sou sê nie.

In dieselfde tyd toe ek verjaar het, het ek twee mense gehoor wat dankbaar is dat hulle kan lewe.

Nou: hier is die ding waaroor ek vandag wonder.

Maak nie saak van jou geloof nie: jy het 'n sekere idee oor wat ná die dood gebeur. Vir my beteken dit dat ek na my dood aan Jesus se voete sal sit. Ander mense glo dat dit net eenvoudig die einde van hulself is. 'n Ander geloof sal weer sê dat jy, afhangend van jou gedrag, weer terugkom aarde toe as 'n beter of slegter organisme, totdat jy terugkom as een of ander godheid.

Ek kan nie vir ander gelowe praat nie, maar hoekom op aarde sien ons almal uit na die lewe na die dood maar ons wil nie doodgaan nie?

Het jy al vir iemand gelukgewens met hulle verjaarsdag, en gesê dat jy hoop dat hulle gou hemel toe sal gaan? Nee, natuurlik nie, want alhoewel almal wil hemel toe gaan, wil hulle nie doodgaan nie. Nou hoe op aarde sal jy andersins daar kom?

Of as iemand vir jou vra hoe dit gaan, sê jy dat jy eerder binnekort wil doodgaan. Die mense gaan hulle boeglam skrik!

Ek hoor onlangs hoe twee mense op radio sê dat hulle so dankbaar is dat hulle kan lewe. Hoekom sou jy wou dankbaar wees oor die lewe as jy uitsien na die ewige lewe?

Ek dink toe aan die vergelyking tussen mense wat onnosel is en mense wat doodgaan. Ricky Gervais, 'n komediant en akteur het gesê: "Remember, when you are dead, you do not know you are dead. It is only painful for others. The same applies when you are stupid."

En dit is regtig so: as jy doodgaan, is net die mense rondom jou spyt dat jy dood is. Jy weet nie eers dat jy dood is nie, maar, as jy weet, sal dit jou glad nie pla nie, want dis so lekker in die hemel. Dink ek. Ek sou nogal daarvan hou om in die hemel te wees waar ek nie so baie moord, doodslag, leuens en bedrieglikhede hoef deur te maak nie.

Hier kom dit nou weer: Hoekom sê ons vir mekaar dat ons wens dat ons nog baie jare gespaar wil bly? Om te wat?

Verlede week luister ons na die begrafnisdiens van 'n kennis. Daar vertel die leraar dat die persoon in graad 4 tegnies dood was, maar dat die ma aangehou bid het totdat hy weer begin lewe het. Die man se ma was 'n diepgelowige vrou, en, volgens die leraar, is dit die rede waarom die persoon weer teruggebid is lewe toe. Ek trek nie die storie in twyfel nie, ek was nie daar nie. Wat ek nie kan verstaan nie, is hoekom iemand wat "diepgelowig" is, iemand anders (wat ek weet ook gelowig was) wil terug bid aarde toe as dit dan so lekker in die hemel is.

Dit slaan my dronk.

Ek dink die laaste tyd baie aan die dood en kom agter dat ek, soos ander mense, graag wil hemel toe gaan, maar effens benoud is vir die proses om tot daar te kom. Maar om uiteindelik daar uit te kom waar daar Goddelike vrede, vreugde en liefde is, is mos die uiteindelike waarvoor ons moet streef.

Wat van, met jou volgende verjaarsdag, sê dat jy dankbaar is dat jy nòù en hièr lewe, maar dat jy uitsien om jou volgende verjaarsdag in die hemel te spandeer.

Ek dêr jou, sê dit vir iemand en kyk wat gebeur. Hulle gaan jou nie kan antwoord nie.

Hierdie Afrikaner is plesierig en dit kan jy glo: ek hou van'n partytjie en dan maak ek so: Veels geluk liewe maatjie, omdat jy verjaar. Mag die Here jou seën en binnekort kom haal.

# PANEEL 18



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*

# DIE VROUE MOEDIG DIE MANS AAN

**■ Quarta Pretorius**

Op hierdie paneel word 'n kritieke tydperk in die Voortrekkers se geskiedenis uiTgebeeld. Die mans is mismoedig en 'n toonbeeld van vertwyfeling. Met hangende skouers en afgewende oë wonder hulle oënskynlik of hulle nie maar na al die terugslae en die dood van talle van hulle leiers na die Kaapkolonie moet terugkeer nie. Dit was na die dood van die sieklike Trekleier Gerrit Maritz in September 1838. Die houding van die vroue, daarenteen, spreek van innerlike krag en selfvertroue. Terugkyk kan hulle nie nou na al die opofferings nie. Daarom bemoedig en besiel hulle die mans om vas te staan, vorentoe te kyk en nie tou op te gooi nie.

Volgens Hennie Potgieter simboliseer hierdie paneel ook 'n voorval vyf jaar later, na die Britse anneksasie van Natal. Talle van die mans het gevoel die Voortrekkers moet hulle maar in onderdanigheid aan die Britte berus, maar die vroue het onder leiding van mevrou Susanna Smit (die suster van Gerrit Maritz en vrou van eerwaarde Erasmus Smit) verklaar dat hulle eerder *barrevoet* oor die Drakensberg sou loop as om een dag langer onder Britse gesag te bly.

Die beedhouer het 'n aantal bekende mense as modelle vir hierdie paneel gebruik. Postma was self die model vir die vrou wat heel links staan, haar suster Stephanie die model vir die vrou wat plat op die grond sit, haar broer Philip die model vir die man met sy hand op die stoel se leuning, mevrou Sylva Moerdyk, die eggenote van die argitek, model vir die vrou wat haar linkerarm uitstrek, en die oudstryder in die Anglo-Boereoorlog, Dietloff van Warmelo, die model vir die bejaarde man wat op die stoeltjie sit.

*Beeldhouer: Laurika Postma*



# KINDER GESONDHEID MAAND



Hier is 'n paar wenke om toe te pas vir jou gesin!

## 7 WENKE VIR KINDER GESONDHEID

1. Maak seker kinders eet natuurlike kosse, soos vars groente en vrugte, volgraan produkte, vleise met lae vet inhoud en vars vis.[1]
2. Eet gesonde kosse saam as n gesin - stel n voorbeeld vir jou kind van gesonde eetgewoontes.[2]
3. Maak seker kinders eet kosse ryk in al die vitamienes, in plaas van om staat te maak op multivitamienes.[1]
4. Kyk na jou kind se mondhigiëne: Maak seker tande word ten minste 2 keer n dag geborsel, verkieslik met fluoride tandepasta.[2]
5. Moedig deelname in sport by die skool aan, as ook gereelde speel of ander oefening.[1]
6. Maak seker alle kinders ouer as 6 maande gebruik sonroom.[1]
7. Maak seker slaap, speel en eet roetines is gestruktureerd.[2]


**VERWYSINGS:**

1. Children's Health Tips [Internet]. Healthline. 2021 [cited 17 August 2021]. Available from: https://www.healthline.com/health/childrens-health#natural-food
2. [Internet]. Eclkc.ohs.acf.hhs.gov. 2021 [cited 17 August 2021]. Available from: https://eclkc.ohs.acf.hhs.gov/sites/default/files/pdf/tips-for-families-series.pdf

HERALD Sport

# DIT IS GHOLF-WEER HIERDIE NAWEEK

Die afgelope twee weke het dit maar swaar gegaan met aktiwiteite by die gholfklub. Eers het die virus kop uitgesteek en toe waai die oostewind en koue almal van die baan af. Google se weerprofete het voorspel dat Saterdag die ideale weer vir ons inhou. Die dubbel-putjiespel is agter en spelers sal moet wedstryde speel voor November, wanneer dit eindig.


Môre gaan daar lekker vleispryse op die spel wees. Inskrywings begin vanaf 10:30 en afslaan is 11:00.


Die "Joker" geldtrekking vind weer Vrydagaand om 19:00 plaas en staan die poel op R7 800. Wees daar om jou kanse te verbeter.



**JAARPROGRAM : 2021**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |











**Winkelure**

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00

***Elsstraat 44, Heilbron***
***Tel: 058 852 3033***


## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 23 AUGUSTUS 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

VERKYKERSKOP VETVEE SKOU
Kontak John Campher 072 202 0160

**DINSDAG - 24 AUGUSTUS 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP VETVEE SKOU
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 25 AUGUSTUS 2021**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

REITZ-OOS VETVEE VEILING
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

KROONSTAD: NOORD-VRYSTAAT
SAVM KLUB VEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**DONDERDAG - 26 AUGUSTUS 2021**

FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

PARYS - SASOLBURG: VLENSBURG
SIMBRAS & SIMMENTALERS
78 Simmentalers & 51 Simbras
11:00, Vlensburg
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

WARDEN: LP BECKER & SEUNS
25 Simbra bulle & 20 SAVM ramme
11:00, Georgeskraal
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228

**VRYDAG - 27 AUGUSTUS 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA
TELERSGROEP
25 Bulle & 90 vroulike diere
11:00, Royal Auction Centre
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za